

## HOOFSTUK 10: ERKENNING EN TOEKENNING

### 1. INLEIDING

- 1.1 Die Voortrekkers ken aan lede getroue diens-, graadwiel-, spesialisasie en ABC-kentekens toe vir Voortrekkerwerk wat suksesvol afgehandel is.
- 1.2 Die hoofstuk omskryf die vereistes vir toekennings en ook die toekenning daarvan.

### 2. GETROUE DIENS-KENTEKEN VIR JEUG- EN VOLWASSE LEDE

#### 2.1 Toekenning

- 2.1.1 'n Kommandobestuur ken getroue diens-kentekens toe aan lede wat formele voortrekkerdrag dra en wat gedurende enige jaar na die oordeel van die betrokke kommandobestuur getroue lede van *Die Voortrekkers* was. Diens op oord-, gebieds- en nasionale vlak moet ook in ag geneem word.
- 2.1.2 Wanneer 'n lid pligsgetroue, verantwoordelike en eerbare diens gedurende 'n bepaalde tydperk aan *Die Voortrekkers* gelewer het na die beste van sy vermoë, word dit as getroue diens gereken. 'n Kommandobestuur kan bepaalde kriteria daarstel en dit vooraf aan alle lede van die Voortrekkerkommando bekend maak onderhewig aan bepaling in artikel 2.1.3 van hierdie hoofstuk.
- 2.1.3 Heemraadslede kom ook jaarliks in aanmerking vir die erkenning van getroue diens deur die kommandobestuur. Die erkenning word gegee indien die persoon sestig persent van die kommandobestuursvergaderings bygewoon het, aktiewe betrokkenheid by kommandoprojekte getoon het en 'n positiewe bydrae gelewer het tot die uitbouing van *Die Voortrekkers* se beeld in die gemeenskap.
- 2.2.4 Die betrokke Kommandobestuur ken getroue diens-kentekens uit eie beweging en op eie koste toe.
- 2.2.5 Die Hoofdagbestuur en 'n Gebiedsdagbestuur kan ook getroue diens kentekens uit eie beweging toeken aan lede van hulle onderskeie dagbesture en aan lede wat hulle aanwys om bepaalde take te hanteer, met kennisname aan die betrokke Kommandobestuur waarby sodanige lede geregistreer is.
- 2.2.6 'n Gebiedsbestuur ken die vyf-en-twintig (25) jaar en daaropvolgende voorjukke toe aan lede wat daarvoor kwalifiseer binne die gebied. Sodanige toekenning geskied op aansoek deur en op koste van die betrokke Kommandobestuur. Die aansoek geskied op die voorgeskrewe aansoekvorm. Die oorhandiging van hierdie voorjuk geskied op 'n wyse wat die geleentheid waardig is en gaan gepaard met die oorhandiging van betrokke sertifikaat.
- 2.2.7 Die Hoofbestuur ken die vyftig (50) jaar en daaropvolgende voorjukke toe aan lede wat daarvoor kwalifiseer in *Die Voortrekkers*. Sodanige toekenning geskied op aansoek deur en op koste van die betrokke Kommandobestuur. Die aansoek deur die kommandobestuur geskied op die voorgeskrewe aansoekvorm wat aan die betrokke gebiedskantoor gestuur word. Die oorhandiging van hierdie voorjuk geskied op 'n wyse wat die geleentheid waardig is en gaan gepaard met die oorhandiging van betrokke sertifikaat.

#### 2.2 Beskrywing van getroue diens-kentekens

- 2.2.1 Vir elke jaar wat getroue diens gelewer is, word 'n kenteken aan lede toegeken soos omskryf in hoofstuk ses-en-twintig (26) van die Reglemente.
- 2.2.2 Die kombinasie van 'n voorjuk en jukskeie dui die getal getroue diensjare aan wat 'n lid voltooi het.
- 2.2.4 Die jukskeie en voorjukke word vervaardig ooreenkomstig die ontwerp soos aangedui in die betrokke publikasie van die Voortrekkerdepot.

#### 2.3 Dra van getroue diens-kentekens

Getroue diens-kentekens word gedra soos uiteengesit in hoofstuk ses-en-twintig (26) van die Reglemente.

### 3. GRAADWIEL-KENTEKEN VIR JEUGLEDE

#### 3.1 Toekenning

- 3.1.1 Die toekenning word aan die einde van die jaar deur 'n Kommandobestuur gemaak nadat

die Kommandobestuur van oordeel is dat die betrokke jaar se graadwielwerk suksesvol afgehandel is behalwe die Graad sewe (7) graadwiel (dagbreek) wat voor die Voorslag-kamp toegeken moet word.

- 3.1.2 Die Kommandobestuur moet seker maak dat die spanoffisier genoegsaam opgelei is, oor die nodige aanbiedingsmateriaal beskik en ondersteun word om deur die loop van die jaar die graadwielwerk suksesvol aan te bied.
- 3.1.3 Die Veldkornet of betrokke Adjunkkommandoleier moet deur die loop van die jaar seker maak dat die span behoorlik vorder met graadwielwerk.

### **3.2 Assessering**

- 3.2.1 Aan die einde van die jaar moet die Kommandobestuur seker wees dat die jeuglede die vereiste graadwielwerk suksesvol afgehandel het alvorens die toekenning gemaak kan word.
- 3.2.2 Assesering geskied as volg:
  - a) Deur die loop van die jaar met spanbesoeke deur Veldkornet/Adjunkkommandoleier
  - b) Mondelinge, praktiese en/of skriftelike assessering aan einde van die jaar.
- 3.2.3 'n Kommandobestuur kan bepaal dat 'n billike standaard nog nie bereik is nie en die betrokke jeuglede nog verdere inskerping moet ondergaan alvorens 'n graadwiel-kenteken oorhandig kan word.

### **3.3 Beskrywing van graadwiel-kenteken**

- 3.3.1 Die betrokke kenteken word deur die Voortrekkerdepot ontwerp volgens voorskrifte.
- 3.3.2 Die Penkoppe en Drawwertjies se graadwiel is rond en word met oranje omboor.
- 3.3.3 Die Verkenners se graadwiel is rond en word met groen omboor.

### **3.4 Dra van graadwielkenteken**

- 3.4.1 Die betrokke graadwielkenteken word op die erkenningsbaadjie gedra soos in hoofstuk ses-en-twintig (26) van die Reglemente bepaal.
- 3.4.2 Die Penkop en Drawwertjie dra al die verworwe graadwiele solank hy/sy 'n Penkop of Drawwertjie bly en haal dit af as hy/sy 'n Verkenner word maar die Dagbreek-graadwiel, indien verwerf, word in die plek van die eerste spesialisasie kenteken gedra
- 3.4.3 Die Verkenner dra al die verworwe graadwiele solank hy/sy 'n Verkenner bly en haal dit af as hy/sy 'n volwasse lid word.

## **4. SPESIALISASIE KENTEKEN EN SERTIFIKATE**

### **4.1 Toekenning**

- 4.1.1 Die toekenning word deur 'n kommandodagbestuur (Veldkornetskapsbestuur), Oorddagbestuur, Gebiedsdagbestuur of Hoofdagbestuur gemaak nadat die betrokke dagbestuur van oordeel is dat die vereistes van die betrokke spesialisasie suksesvol afgehandel is. Die hoofdagbestuur en Gebiedsdagbestuur kan die aanbieders van 'n nasionale- of gebieds aktiwiteit bemagtig om 'n toekenning te maak indien die vereistes suksesvol afgehandel is.
- 4.1.2 Die betrokke dagbestuur moet altyd seker maak dat die aanbieder van die spesialisasie oor genoegsame kennis en vaardigheid beskik om die betrokke spesialisasie aan te bied en dat die nodige vereistes afgehandel is.

### **4.2 Assessering**

- 4.2.1 Die betrokke dagbestuur moet 'n toetskomitee van een of meer volwassenes aanwys wat moet bepaal of die nodige vereistes, soos vir die betrokke spesialisasie omskryf, behoorlik afgehandel is alvorens 'n kenteken toegeken kan word. Die persoon mag nie slegs die spanoffisier van die span wees nie.
- 4.2.2 Die toetskomitee doen die volgende :
  - a) Deur die loop van die aanbieding 'n persoonlike besoek en/of
  - b) Aan die einde van die aanbieding 'n mondelinge, praktiese en/of skriftelike evaluering.
- 4.2.3 'n Toetskomitee kan aanbeveel dat 'n billike standaard nog nie bereik is nie en die jeuglede nog verdere inskerping moet ondergaan alvorens 'n kenteken oorhandig kan word.

### 4.3 **Beskrywing van spesialisasie-kentekens**

Die toepaslike kentekens word deur die Voortrekkerdepot ontwerp in oorleg met die betrokke nasionale komitees en deur die Voortrekkerdepot beskikbaar gestel.

### 4.4 **Dra van spesialisasie-kentekens**

Die betrokke spesialisasie kentekens word op die erkenningsbaadjie gedra soos in hoofstuk ses-en-twintig (26) van die Reglemente bepaal.

### 4.5 **Verkenner spesialisasie vir Penkoppe en Drawwertjies**

4.5.1 Verkenner spesialisasies, tot 'n maksimum van twee (2), kan deur 'n Graad sewe (7) jeuglid gedoen word na afhandeling van die betrokke gebied se Voorslagkamp.

4.5.2 Die toekennings kan eers verwerf word nadat die betrokke jeuglid geregistreer is as Verkenner in die daaropvolgende jaar.

## 5. **ABC KENTEKEN VIR JEUG- EN VOLWASSE LEDE**

### 5.1 **Toekenning**

5.1.1 Die Kommandobestuur ken die betrokke ABC toekenning aan die jeuglid of volwasse lid toe nadat die lid die minimum vereiste punte behaal het vir die betrokke ABC toekenning soos in die tabel hieronder uiteengesit.

5.1.2 'n Lid verwerf punte deur die aktiwiteite soos in artikel 5.2 en 5.3 by te woon of aan te bied. Indien 'n lid slegs 'n gedeelte van 'n aktiwiteit bywoon kan hy of sy nie noodwendig in aanmerking kom vir die betrokke punt nie.

5.1.3 Punte word jaarliks by vorige jaar se punte bygereken. Sodra 'n lid Dubbel Goud verwerf het word sy punte net verder bygereken en die jaarlikse totale punt vermeld met erkenningfunksie sonder dat verdere ABC kentekens oorhandig word.

5.1.4 Die onderstaande punte tabel geld vir alle jeug- en volwasse lede.

5.1.4 Totale maksimum punte wat behaal is word jaarliks oorgedra.

### 5.2 **Punte vir jeuglede**

5.2.1 Spanbyeenkomste (30 ongeveer)

1 Punt vir spanvergadering (ongeveer 1 uur)	(20 x 1)	20
2 Punte vir uitstappie/nag oorslaap	(2 x 2)	4
3 Punte vir spankamp	(2 x 3)	6

5.2.2 Kommando aktiwiteite (35 ongeveer)

2 Punte vir gewone Kommandobyeenkoms	(5 x 2)	10
3 Punte vir Waterkaskenades, Inlywing, Speletjiesaad, Kerkparade (4 x 3)		12
4 Punte vir langer uitstappies/oornag	(2 x 4)	8
5 Punte vir kommandokamp		5

5.2.3 Oord – en gebiedsaktiwiteite (36 ongeveer)

3 Punte vir 'n dag / nag aktiwiteit (GGA)	(2 x 3)	6
5 Punte vir 'n dag en nag (2) GGN)	(2 x 5)	10
7 Punte vir gebiedskamp bywoning	(2 x 7)	14

5.2.4 Spesialisasies (10 ongeveer )

2 Punte vir elke Spesialisasie wat gedoen word tydens enige van bogenoemde aktiwiteite bykomend (5 x 2)

TOEKENNING	MINIMUM VEREISTE PUNTE BENODIG VIR ELKE TOEKENNING	EINDE VAN BETROKKE SKOOLGRAAD <b>MOONTLIK</b>
Silwer-Oranje	50	Gr 0
Silwer-Groen	50	Gr 1
Silwer-Blou	50	Gr 2
Silwer-Rooi	55	Gr 3
Silwer-Silwer	60	Gr 4
Silwer-Goud	65	Gr 5

Goud-Oranje	70	Gr 6
Goud-Groen	75	Gr 7
Goud-Blou	80	Gr 8
Goud-Rooi	85	Gr 9
Goud-Silwer	90	Gr 10
Dubbel Goud	95	Gr 11

1. Die SAS tel elke aktiwiteit (Gebeurtenis) wat jeuglid bygewoon het outmaties by.
2. Die SAS dui deurlopend die betrokke jaar se totale punt aan en sal aandui of jeuglid die betrokke jaar 'n ABC toekenning kry met die minimum vereiste punte.
3. Die SAS hou wel die totale telling van die jaar en ook vorige jare by en kan dit by erkeningsaand gebruik word om aktiefste lid per span of meeste groei ensomeer...
4. In Gr 7 en Gr 12 kan die jeuglid die betrokke leierskapstoekenning kry en ook melding gemaak word dat hy/sy 'n 750 of 1250 ABC punte oor sy loopbaan bymekaar gemaak het.
5. **Graad van aansluiting moet minimum punte vir die betrokke jaar beslis kry om in aanmerking te kom vir die ABC toekenning.**

### 5.3 Punte vir volwasse lede

5.3.1	Spanbyeenkomste (30 ongeveer)		
	1 Punt vir spanvergadering (ongeveer 1 uur)	(20 x 1)	20
	2 Punte vir uitstappie/nag oorslaap	(2 x 2)	4
	3 Punte vir spankamp	(2 x 3)	6
5.3.2	Kommando aktiwiteite (30 ongeveer)		
	2 Punte vir gewone Kommando byeenkoms	(5 x 2)	10
	3 Punte vir Waterkaskenades, Inlywing, Speletjiesaand, Kerkparades (4 x 3)		12
	4 Punte vir langer uitstappies/oornag	(2 x 4)	8
	5 Punte vir kommandokamp		5
5.3.3	Oord- en gebiedsaktiwiteite (36 ongeveer)		
	3 Punte vir "n dag/nag aktiwiteit (GGA)	(2 x 3)	6
	5 Punte vir "n dag en nag (2) (GGN)	(2 x 5)	10
	7 Punte vir gebiedskamp bywoning	(2 x 7)	14
5.3.4	Volwasse Spesialisasie (10 ongeveer)		
	2 Punte vir elke Volwasse Spesialisasie wat gedoen word tydens enige van bogenoemde aktiwiteite bykomend	(5 x 2)	10

TOEKENNING	VEREISTE PUNTE BENODIG VIR VOLGENDE VLAK TOEKENNING
Silwer-Oranje	50
Silwer-Groen	50
Silwer-Blou	50
Silwer-Rooi	55
Silwer-Silwer	60
Silwer-Goud	65
Goud-Oranje	70
Goud-Groen	75
Goud-Blou	80
Goud-Rooi	85
Goud-Silwer	90
Dubbel Goud	95

1. Die SAS tel elke aktiwiteit (Gebeurtenis) wat volwasse lid bygewoon het outomaties by.

2. Die SAS dui deurlopend die betrokke jaar se totale punt aan en sal aandui of volwasse lid die ABC toekenning kry met die minimum vereiste punte.
3. Die SAS hou wel die totale telling van die jaar en ook vorige jare by en kan dit by erkenningsraad gebruik word om aktiefste lid per span of meeste groei.

#### **5.4 Ontwerp en dra van die toekenning**

- 5.4.1 Die ontwerp van die betrokke toekenning word deur die Voortrekkerdepot gedoen.
- 5.4.2 Die kenteken word gedra ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk ses-en-twintig (26) van die Reglemente.
- 5.4.3 'n Metaalbalkie is ook beskikbaar wat 'n lid op skooldrag kan dra.
- 5.4.4 Slegs die hoogste toekenning word gedra.

#### **5.5 Definisies**

- 5.5.1 Met *werwing* word bedoel dat 'n nuwe lid gewerf word vir die beweging en die nuwe lid moet sy ledegeld betaal en vir ten minste een jaar 'n lid bly.
- 5.5.2 'n *Spankamp* is 'n kamp soos gereël deur die spanoffisier waar ten minste een (1) nag uitgeslaap word en waarvoor 'n program vir ten minste agtien (18) uur uitgewerk is.
- 5.5.3 'n *Kommandobyeenkoms* is 'n byeenkoms gereël deur die kommandodagbestuur anders as die normale bymekaarkom eenmaal per week. Dit vervang nie 'n spanbyeenkoms nie en vorm ook nie deel van 'n spanbyeenkoms nie.
- 5.5.4 'n *Kommandokamp* is 'n kamp gereël deur die kommandodagbestuur waartydens al die spanne van die kommando teenwoordig is en waar Voortrekkerwerk behandel word en ten minste twee nagte uitgeslaap word. Die kamp moet langer as ses-en-dertig (36) uur duur.
- 5.5.5 'n *Gebiedskamp* is 'n kamp soos gereël deur die betrokke gebied waar daar binne graadverband Voortrekkerwerk behandel word en ten minste drie (3) nagte vir die Penkoppe en Drawwertjies duur en ten minste vyf (5) nagte vir die Verkenners duur. Die kamp moet 'n erkende gebiedskamp wees van die betrokke gebiedsdagbestuur.
- 5.5.6 'n *Spesialisasies* is die wat in die betrokke groep se Spesialisasies handleiding beskryf word. Al die vereistes moet noukeurig nagekom word. Dit sluit nie kentekens wat by kampe verdien word in nie.
- 5.5.7 Met *spanbywoning* word bedoel dat dit die bywoning van die jeuglede by hulle betrokke spanne soos weekliks gehou word, is. Indien die kandidaat 'n aanvaarbare verskoning voorlê moet dit in ag geneem word. Alle spanuitstappies word hierby ingesluit.
- 5.5.8 'n *Addisionele kamp/toer* is 'n geleentheid soos gereël deur die span, kommando, oord of gebiedsdagbestuur wat ten minste vier (2) of vyf (5) dae duur.
- 5.5.9 *Fondsinsamelings/Werksdae* vir volwasse lede is insamelings geleenthede of werksdae soos gereël deur die betrokke kommando-, oord- of gebiedsdagbestuur.
- 5.5.10 *Maksimum punte* is die meeste punte wat 'n lid in een (1) jaar kan verwerf.
- 5.5.11 'n *Gebied Goedgekeurde Aktiwiteit (GGA)* is 'n aktiwiteit wat deur die betrokke gebiedsdagbestuur vir die doel goedgekeur is.
- 5.5.12 'n *Gebied Goedgekeurde Naweek (GGN)* is 'n naweek aktiwiteit wat twee (2) uitslaapnagte, weg van die kind se ouerhuis, insluit en wat deur die betrokke gebiedsdagbestuur vir die doel goedgekeur is.